**18 Desember**
**Skrifgedeelte: Psalm 2**
**Fokusgedeelte: Psalm 2:10-12**

**Bly onder die goeie juk van die Here**

Psalm 1 word deur sommiges beskou as die opskrif van al die psalms. Die twee weë waarop die mens kan gaan, word in die psalm beskryf. Eerstens is daar die pad van die goddelose waarop mense verlore gaan soos kaf voor die wind. Tweedens kry ons die pad van die Here, die enigste weg wat ons daartoe bring om vrugte te dra en wat ons na die ewige lewe lei.

Psalm 2 beskryf vir ons óók die paaie van die goddelose. Dit is paaie waarop konings, regters of regeerders planne maak en beraadslaag teen die Here, sy Gesalfde en gesalfdes. Die slotsom is egter dat die Here lag en selfs spot met hierdie tevergeefse planne en raadsbesluite. Almal wat los van die Here en sonder sy wil en wet planne maak, ja – selfs téén Hom planne maak, doen dit tevergeefs. Hulle sal uiteindelik te doen kry met die toorn van God, sy oordele en die ewige vlam van die Here.

Dit wil ons mense nie vandag oor God hoor nie. Die mens wil nie hoor van die toorn van God en sy oordeel oor die sonde nie, want die mens het te groot geword in sy eie oë. Die mens wil vandag liewer self oor God, sy weë en dade oordeel.

Ons is geskep as konings en heersers, maar om in verbondenheid en onderdanigheid aan die Here en Koning van alle konings te regeer en die Here met blydskap te dien.

*Sing: Skrifberyming 34:1,3 Ds PJW Linde (Emeritus)*